

**10 Januarie**

**Skrifgedeelte: Ester 9 en 10**  
**Fokusgedeelte: Ester 9:20-32**

**Die Purimfees: jou lewe is 'n fees in Christus**

Die Purimfees word so genoem na aanleiding van die “pur” of lot wat Haman gewerp het om te bepaal op watter dag die volk uitgewis moes word. Haman gebruik 'n dobbelsteen om die dood van die volk te bepaal, maar God verander daardie doodsvonnis in 'n heerlike vryspraak. Op die dag wat die volk uitgewis moes word, oorwin hulle hul vyande. Die dood word verander na lewe. En om hierdie wonderlike gebeurtenis in hulle lewe te gedenk, word die Purimfees ingestel om die fees van die lewe te vier.

In Christus het God ook vir ons die dood na lewe verander. Ons wat moes sterf vanweë ons sondes, word vrygespreek en ontvang die ware lewe in Christus. Nou kan en moet elke dag van ons lewe ook 'n Purimfees wees: 'n fees van die nuwe lewe in Christus, 'n fees van die oorwinning oor ons vyand, die duiwel.

Moenie toelaat dat die duiwel jou nog deur die sondes in jou lewe aan die dood bind nie. Breek daarmee, bekeer jou en lewe na die wil van die Here. Beklee jou met die nuwe lewe in Christus; leef uit die krag van die Heilige Gees; dra die vrugte van die Gees en laat jou geloof vir almal duidelik word uit jou dade. Deel, soos op die Purimfees, die vrugte van jou nuwe lewe met almal rondom jou.

Is jy geneig om 'n langgesig gelowige te wees? Bekeer jou daarvan en maak elke dag van jou lewe 'n feesdag in Christus. Laat jou vreugde oor jou nuwe lewe vir almal sigbaar word.

*Sing: Psalm 107:15-18*

*Ds P Venter (Potchefstroom-Oos)*

